# PAASTYD

## HUISGELOOF

**Lydenstyd is 40 dae lank (uitgesluit Sondae) vanaf Aswoensdag tot Paasfees.**
Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## PAASFEES
## JOHANNES 20

### OMGEE

Groet mekaar vandag soos Christene dwarsoor die wêreld:
**"Christus het opgestaan."**
Waarop die ander persoon reageer:
**"Hy het waarlik opgestaan."**
Sing 'n lied (of meer) oor Jesus se opstanding.

### GESELS

Vandag vier ons Jesus se opstanding uit die dood! Dit is die hoogtepunt van ons Kerkjaar-kalender. Jesus het die dood (swaarkry, siekte, sonde) oorwin. Hy leef!

**Lees: Johannes 20:1-18**

- Hoe sou jy gevoel het as jy 'n dissipel was en gedink het Jesus is dood?
- Hoe sou jy reageer as jy Maria Magdalena was?
- Maria raak die eerste getuie. Wat beteken dit en hoe kan ons ook getuig?

### DOEN

Berei 'n spesiale Paasfeestafel voor vir ete. Kinders kan 'n "tuintjie" maak met 'n leë graf. Dek die tafel met hol paaseiers (leë graf), blomme (tuin), wit tafeldoek (linnedoeke), wit of goue servette (kleure van Paastyd), 'n leë kruis en paasbolletjies (hot cross buns).

### BID

Here, help my om vir ander te vertel...

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: